derne verhoudinge het baie in gemeen met die van ons oudste voorgeslagte.

Min mense weet dat die oudste liefdesgedig reeds 4 000 jaar oud is. Om verlief te raak is een van die opwindendste en fassinerendste menslike ondervindings. Tog is dit vreemd dat dit so spesifiek tot mense beperk is. Waarom raak mense verlief en vorm verhoudings terwyl monogamie skaars is in die res van die diereryk. Net 3% ander soogdiere het hierdie gewoonte.

In ag genome hoe ingewikkeld liefde en liefdesverhale gewoonlik is, moet 'n mens wonder of dit altyd so was. Hoe het dit deur die eeue verander?

Dr. Helen Fisher van Maropeng het al boeke geskryf oor die evolusie van liefde en voer aan dat ons besig is om terug te beweeg na die oertye met ons liefdeslewe. In antieke tye was die dubbel inkomste gesin die reël. Vroue het werk toe gegaan en was die maatskaplike, seksuele en ekonomiese ewe-knie van mans. Dis eers toe mense begin nedersettings vorm en op een plek bly dat dinge begin verander het.

Onlangse studies het aangedui dat die manlik-vroulike bande dalk eers begin versterk het in die Plio-Pleistocene tydperk. Omdat kindergeboorte soveel druk op die vroulike liggaam geplaas het, moes hul op hul manlike eweknieë staatmaak om hul van voedsame voedsel te voorsien na die geboorte van hul kinders. Dit het die bande tussen die geslagte versterk.

Dr. Fisher stem saam en sê dat romantiese liefde 'n kragtige en primordiale paringsdrang is wat uitgeloop het op die behoefte om 'n geskikte paringsvennoot te vind.

Schubert & Schubert Oogkundiges
Your vision, your independence

Posbus 376, Donkinstraat 132a, Beaufort-Wes 6970
Beaufort-Wes 023 414 3519 (Werner) ★ Prins Albert 023 541 1090 (Michelle)
★ Victoria-Wes 053 621 0321 (Ellie) ★ Carnarvon 053 382 3033 (Kathleen)

BESOEKE

CARNARVON:	VICTORIA-WES:
21 FEBRUARIE	7 MAART
14 MAART	28 MAART

* *Konsultasie Privaat = R250,00*
* *Ons aanvaar Jet, Edgars, Legit & CNA rekeninge, asook RCS rekeninge.*
* *Alle mediese fondse welkom*
* *Ons is inkontrakteer by PPN*
* *Sonbrille nou beskikbaar by Kathleen, Dr. Vorster spreekkamer.*
* *Kontaklens oplossing beskikbaar*
* *Verkeersvorms gratis beskikbaar*

HANTAM MUNICIPALITY
ADJUSTMENT BUDGET 2013/2014

Notice is hereby given in terms of the Municipal Finance Management Act,2003 , Municipal Budget and Reporting Regulations that the adjustment budget for 2013/14 will be available for inspection at the various municipal offices namely Calvinia, Brandvlei, Loeriesfontein and Nieuwoudtville.

C du PLESSIS
Municipal Manager
Tel: 027 341 8500
Fax: 027 341 8501
Email: municipalmanager@hantam.gov.za

Hoop Street
Private Bag X14
CALVINIA
8190

PRAGTIGE STERK WITVYE (WHITE GENOA)
BOME 1.5 METER HOOG

★ Vars uit die grond beskikbaar eerste week in Julie 2014 op Nieuwoudtville
★ Nie in plastiese sakke wel in nat goingsakke.
★ Moet dadelik geplant word . . .
★ Bome gesertifiseer Aalwurm vry

AFSLAGPRYSE R66.00 PER BOOM

Kwekery pryse teen R130 en R160 per boom

Narae 082 704 705 **E-pos: nationlinkprojects@gmail.com**

nette geneip om met gemak verstellings die rok na 66 jaar weer te kon gebruik. – Fotograaf Elias JJ Nel.

KOÖRDINEERDER

CARNARVON – Konstabel Floris Fritz, verbonde aan die Sosiale Misdaadvoorkoming van die Carnarvonse Polisie, is nomineer vir 'n nasionale toekenning as die beste koördineerder van 'n plaaslike Gemeenskap Polisiërings Forum.

Dit is die enigste nominasie uit die Noord-Kaap saam met een nominasie elk uit die Vrystaat en Limpopo. Die aanwysings vind op 28 Februarie in Gauteng plaas. Die verslaggewer het Konstabel Fritz in die Carnarvon Laerskool raakgeloop waar hy op besoek was om oor die euwel van boelie in skole en dwelmmisbruik gepraat het. – Ellen Riley

GOEIE BEGIN

CALVINIA – Die eerste tenniswedstryde vir Laerskool Calvinia het plaasgevind teen Graafwater. Calvinia het vanjaar 'n baie jong spannetjie, maar dit het hulle nie van stryk gebring nie. Hoewel hul teenstandertjies ook maar nog groentjies is, het die Calvinianertjies skoonskip gemaak. Die span van mé Carstens is Quelene du Plessis, Cari Steenkamp, Minke du Toit en Christine Houghton-Hawksley. Die seuns is Stean Burger, Herman Snyman, Nathan Wilson en Jaco Snyman.